VRYWILLIGE WERKERS

Vraag: Geniet onbetaalde vrywilligers dieselfde regsbeskerming as ander werknemers?

Antwoord: Oor die algemeen, ja.

Kort verduideliking: Alle werkers, onbetaalde vrywilligers ingesluit, het 'n grondwetlike reg op billike arbeidspraktyke. Tog word "onbetaalde werknemers wat vir welsynsorganisasies werk" spesifiek van die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBD) (Artikel 3) uitgesluit. Op die oog af geniet hierdie vrywilligers hoegenaamd geen beskerming nie. Selfs kinderarbeid blyk toelaatbaar te wees. Beteken dit dat onbetaalde persone, wat vir welsynsorganisasies werk, uitgebuit mag word deur, byvoorbeeld, oormatige lang ure te moet werk? Die antwoord is ooglopend 'nee', aangesien dit sal beteken dat hulle nie werklik 'vrywillig' werk nie.

Die situasie is eenvoudiger vir vrywillige werkers by organisasies wat nie welsynsorganisasies is nie. By implikasie geniet hierdie werkers dieselfde beskerming ingevolge die WBD as ander werknemers (buiten dat hulle nie op betaling geregtig is nie).

Ander arbeidswetgewing, soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), sluit nie vrywilligers spesifiek uit nie. Hulle kan as werknemers beskou word, selfs waar hulle onbetaald is, maar "help met die bedryf of bestuur van die besigheid". As sodanig sal hulle – ten minste in teorie – op dieselfde beskerming as ander werknemers geregtig wees. Dit is moeilik om in te sien wat werkgewers kan doen om nadelige gevolge vir werkgewers van vrywilligers te veroorsaak. Soos egter vroeër genoem, het onbetaalde vrywillige werkers ook 'n grondwetlike reg op billike arbeidspraktyke – die WAB en ander arbeidswetgewing sou dus 'doelbewus' in hierdie verband geïnterpreteer word (wat ten doel het om die grondwet te implementeer).

Waar vrywillige werkers egter 'n toelae ontvang, raak sake 'n bietjie meer interessant – lees gerus die artikel by http://www.labourwise.co.za/labour-articles/volunteers.

Ter afsluiting dus, sou dit wys van werkgewers wees om vrywillige werkers ten minste so billik as alle ander werknemers te behandel, behalwe natuurlik vir betaling.

Artikel verskaf deur Jan Truter van Labourwise

www.labourwise.co.za is 'n aanlyn-diens ten opsigte van arbeidsverhoudinge, wat daarop gemik is om werkgewers met die implementering van doeltreffende arbeidsverhoudinge te help. Kontak hulle via die webtuiste, of by info@labourwise.co.za.